

NG Murray Aanlyn Erediens

Sondag 31 Januarie

Goeie Môre Gemeente

Het julle al ooit gewonder hoe dit sou gevoel het om alles te weet? Of selfs net om alles te onthou wat jy al in jou lewe beleef het? Ek weet daar is mense wat 'n fotografiese geheue het, wat meeste van die goed wat hulle in die lewe sien of ervaar heeltemal kan onthou, maar selfs so 'n geheue is beperk tot een leeftyd. En om alles te sien en te onthou, beteken ook nie dat jy alles gaan verstaan nie.

Maar hoe moet dit nie wees om ALLES te weet nie? Al die kennis wat die hele aarde saam het! Eks seker die wat nog moet eksamens skryf oor 'n paar maande sal glad nie te veel omgee nie. Natuurlik sal dit dan ook vir ons die volgende vraag los: Wat maak ons dan met al daai kennis? Hoe gebruik ons al daai kennis, as ons dit net eendag sou kry? Want wat mens daarmee maak, gaan eintlik verder as kennis, dis meer wysheid.

So ek wil hê julle moet in julle gesinne of groepe sommer vir mekaar vertel:

- Wat dink jy is die verskil tussen kennis en wysheid?

Julle kan sommer nou besluit oor kollekte ook, en iemand in die gesin kan vir julle open met 'n gebed.

//

Wanneer ons dink oor die verskil tussen kennis en wysheid, dan kan dit baie keer lyk na dieselfde ding, maar mens kan waarskynlik een of ander onderskeid tref. Party sal dalk sê die een is kop kennis en die ander een harts kennis. Of mens kan dalk sê een gaan oor wat jy weet, en die ander wat jy doen. Ek hou self nogal van iemand wat gesê het: Kennis is om al die paaie te ken, wysheid is om die regte een te ken. En ook: Kennis is om te weet dat 'n tamatie 'n vrug is, wysheid is om dit nie in 'n vrugteslaai te sit nie.

Hoe ook al mens dink daaroor, kennis en wysheid is vir ons as mense baie belangrik, want dis wat ons gebruik om ons besluite te neem. Of dalk moet ek eerder sê, dis wat ons gebruik om goeie besluite te neem, want ons almal het seker ook al besluite geneem wat eintlik maar bietjie breindood was. 😊

Vir die Here is kennis en wysheid ook baie belangrik, en deur 'n paar millenia is Hy al besig om Sy mense te leer hoe om Goddelike Kennis en Wysheid te hê.

Vandag gaan ons na vier verskillende tekste kyk, maar ons doen dit bietjie anders: Julle kan as gesin of groep een van die tekste kies en dit saam lees, en vir mekaar vertel wat julle in terme van kennis en wysheid raaklees in die teks. As julle nie haastig is nie, kan julle twee, drie, of al vier lees. As julle gesinslede almal al kan lees, kan julle ook kies om elkeen hulle eie teks te lees, of 2-2 saam, en dan te gesels daaroor. Nes julle wil!

Die tekste waarna ons gaan kyk is Deuteronomium 18:15-20, Psalm 111, Markus 1:21-28, en 1 Korintiërs 8.

So kies gerus wie wat wil lees, en dan gesels julle met mekaar oor wat julle raaklees rondom kennis en wysheid in hierdie teks.

Lees een of meer van die volgende:

- *Deuteronomium 18:15-20*
- *Psalm 111*
- *Markus 1:21-28*
- *1 Korintiërs 8*

//

Soos altyd wens ek ek kon deel wees van elke gesin, Bybelstudie groep of selfs in die gedagtes van die mense wat hierdie alleen kyk, om te sien en hoor wat julle in die teks raaklees, want eks seker daar sal besonderse goed uitkom! So kom ons kyk bietjie na hierdie tekste, en ek sal so kort opsomming gee van elkeen ingeval jy dalk 'n ander een gelees het.

Dalk voor ons begin met die Ou Testament tekste, moet ek net eers iets verduidelik. Die manier hoe die konsep van Kennis en Wysheid verstaan was deur die Hebreërs (dis nou die Israeliete in die Ou Testament, nie verwysend na die boek in die Nuwe Testament nie) en die Grieke (wat 'n sterk invloed gehad het op die denkwys van die Nuwe Testamentiese tyd), was redelik anders. Vir die Hebreërs was Kennis en Wysheid eintlik redelik dieselfde ding. By voorbeeld in die boek Prediker word kennis en wysheid as semantiese parallelle gebruik, wat maar net 'n slim manier is om te sê dis twee verskillende woorde wat dieselfde konsep verduidelik. Vir die Hebreërs was daar nie kop kennis of hart kennis nie, want volgens hulle was alle kennis iets wat toegepas word.

Vir die Grieke, en dan mense soos Paulus wat baie deur hulle beïnvloed is, is daar meer van 'n onderskeid. Hulle verstaan was waarskynlik nader aan wat ons vandag het. So hulle sou sê dat mens baie kennis kan hê, en tog nie wys wees nie, of baie wysheid kan hê, al is jy nie baie geleerd nie. Sommer maar net dat ons verstaan daar is 'n verskil tussen die twee.

So kom ons begin met die Hebreërs se skrywe, met Deuteronomium 18. Die teks gaan baie spesifiek oor profete, oftewel, die mense wat die kennis en wysheid van God af moes bring en vir die mense leer. Moses was self so 'n mens, en hy voorspel dat daar nog sulkes sal kom. Wat dan baie interessant is, is dat God sê: As iemand sê iets kom van die Here af, en dit is nie so nie, dan moet hulle doodgemaak word! Dis nogal drasties, maar daar is goeie rede daarvoor: Die kennis wat van God af kom, is heilig. En veral vir 'n nasie wat God nog besig was om te vestig, was daar net nie plek vir valse leringe nie. Nee, die volk moet hulle eerder glad nie aan so 'n persoon se woorde steur nie, maar luister na die regte profete, die wie se woorde waar word.

So eerstens, Goddelike Wysheid en Kennis is heilig! Daar is nie plek vir ander boodskappe nie, en ons kan ook nie valse goed inmeng nie.

/

Dan lees ons verder, Psalm 111

Psalm 111 begin soos baie ander Psalms, deur vir God te prys. Die skrywer vertel van al die groot en magtige goed wat God doen, en skryf dan in vers 4 dat God self sorg dat mense dit nie sal vergeet

nie. Dis deel van God se krag en deel van Sy genade. En dan kom die skrywer by die bekende vers 10 wat sê: “Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen, het ware insig.”

So ware wysheid, ware insig, is om vir God te dien. En die Psalmskrywer maak dit vir ons duidelik hoekom dit ’n goeie idee is deurdat hy eers vir ons vertel wie God is! Dis juis oor wie God is, dat ons Hom dien. En deur Hom te dien, kom ons by die begin van Goddelike Wysheid uit! Vers 7 en 8 sê dat God se voorskrifte vir altyd geldig, geloofwaardig en regverdig is. So natuurlik maak dit sin om God te dien!

/

Dan beweeg ons van die Ou Testament na die Nuwe Testament. Intussen het die Grieke vir Israel en ’n groot deel van die meditereense lande oorgeneem (voor die Romeine), en hulle manier van dink het deel geword van Israel se kultuur. Dan lees ons Markus 1:21-28, wat praat oor Jesus wat die mense geleer het in die tempel. Terwyl Hy hulle leer, kom daar ’n besetene na hom toe, en Jesus dryf die gees uit voor almal. Dan vra die mense vir mekaar in vers 27: “Wat gaan hier aan? Dit is ’n nuwe leer, en dit kom met gesag!”

Jesus het mense op ’n ander manier geleer as wat die skrifgeleerdes het. Hy het natuurlik die egte Waarheid gepraat, en dit met gesag! Dit was nie net kop kennis nie, Jesus was nie net nog iemand wat baie slim was nie, Hy was iemand wat die Waarheid geken het. Hy was self die Waarheid (vgl. Johannes 14:6), en die mense kon agterkom dat dit wat Jesus nou vir hulle leer, iets anders is! Ons ken dit nou as deel van die Evangelie, die goeie nuus. En ’n groot deel van wat Jesus vir die mense geleer het, was juis die feit dat God ’n nuwe verhouding kom maak het met die mense. Soos Louis oor die laaste twee Sondae ook gesê het: God soek ’n nuwe, intieme verhouding met elke mens. En ons is bevoorreg genoeg om hierdie Evangelie, hierdie waarheid, te ken! Verder het Jesus dit nie net verkondig nie, Hy het dit gelewe ook. Hy word die voorbeeld van hierdie Evangelie.

/

En dan lees ons aan, in 1 Korintiërs 8. Dit gaan oor die vraag rondom vleis wat aan ’n afgod geoffer is, maar Paulus begin die gesprek so: “Ons weet dat ons almal kennis het. Kennis maak verwaand, maar liefde bou op. As iemand meen hy het kennis van iets, het hy nog nie die kennis wat ’n mens behoort te hê nie. Maar as iemand God liefhet, ken God hom.” (verse 1-3)

Sjoe, dis ’n groot stelling! Onthou, Paulus praat hier net van kennis, nie van wysheid nie, en wat hy sê is dat kennis eintlik ’n slegte ding kan wees, as dit nie saam met liefde loop nie. Want kennis alleen maak iemand verwaand. Ons weet almal hoe lyk iemand wat dink hulle weet alles. Eks seker ons was ook al daai iemand gewees op ’n tyd! Maar liefde bou op, en as ons God liefhet, dan KEN Hy ONS! En dis nie ’n kennis ken nie, maar ’n verhoudings ken. Dan word ons verhouding persoonlik!

Paulus beantwoord dan die vraag oor die vleis wat vir afgode geoffer is, en hy sê min of meer: Ander gode bestaan nie regtig nie, so die vleis kan jou nie regtig skade doen nie. Maar net omdat jy dit weet, beteken dit nie almal anders verstaan dit nie. En as iemand wat swakker in hulle geloof is sien jy eet afgodsoffers, dan gaan hulle dalk dink jy is besig met afgode, en hulle gaan dink dis OK. Baie mense in daardie tyd het gedink jy kan ’n Christen word en nog steeds jou ander gode ook hou. So Paulus waarsku hulle en sê: Moenie dat dit wat jy weet waar is, die kennis wat jy het, maak

dat iemand anders struikel nie, want dan het jy nie lief nie, en dan is jou kennis in elk geval nie veel werd nie!

//

Goddelike Kennis en Wysheid.

Sjoe, ons het nou baie goed aangeraak! Ons het tekste geles wat moontlik 'n paar millenia uit mekaar geskryf is, so hoe bring ons dit by mekaar?

Eerstens, dit wat God vir ons leer, is heilig! Hierdie Bybel wat ons het, is nie net kennis nie. Dis nie net nog 'n boek met 'n paar mooi gedigte en slim lewenslesse nie. Nee, dis heilig! Want dis God se waarheid, die enigste ewige waarheid!

Tweedens, as ons regte Wysheid wil hê, dan beteken dit dat ons besef wie God is en ons dien Hom. Die Boodskap vertaling sê: "As jy dit doen, verstaan jy die geheim van die lewe" (Psalm 111v10c)

Derdens, Jesus het gekom om dit wat ons oor God weet, te verduidelik en ook te vervul! Hy het ons kom leer hoe 'n verhouding met God regtig kan lyk, hoe ons lewe kan lyk, en Hy het kom wys wat ware liefde is, toe Hy alles vir ons kom gee het!

En dan: Alles wat ons oor God, oor Jesus, oor Christenwees en oor die lewe kan leer, sal vir ons niks beteken as ons nie liefde saam met dit het nie.

/

So wat maak jy met jou kennis? Meeste van ons leer al jare lank van Jesus. Meeste van ons is bevoorreg genoeg om te kan lees, en om 'n Bybel te besit. Meeste van ons is of was skool toe, en weet hoe om met mense te gesels. Meeste van ons is bevoorreg genoem om verskillende mense te ken, en selfs mense te hê wat na jou opkyk en by jou leer, miskien sonder dat jy dit weet.

So wat gaan jy doen met die kennis wat God vir jou gegee het?

Jy kan kies om net stukkies daarvan te vat. Jy weet, "Ek hou van die deel wat sê jy moet jou vrou liefhê, maar ek weet darem nie so mooi oor die geld gee nie." Of "Ek mind nie geld gee vir die armes nie, maar ek kan darem nie daai een vergewe nie." Of "Ek vergewe maklik, maar ek dink nie dis my werk om vir mense van Jesus te vertel nie."

Dis halwe waarhede, ons kan nie die Bybel so gebruik nie.

Of jy kan aanhou leer oor God, elke week die videos kyk, somer 'n paar verskillende preke op 'n Sondag, baie Bybel lees, ekstra boeke lees, maar as dit kom by iets doen daarmee, dan is dit makliker om maar net by die huis te bly.

Of jy verstaan dat Jesus jou vrygemaak het, alles vir jou gedoen het, maar nou word daai genade vir jou goedkoop, en jy begin dink jy kan eintlik maar lewe soos jy wil, want Hy het jou mos klaar vergewe?

Dis nie wysheid nie.

Nee, jy is 'n Christen. Jy is iemand wat weet wie God is, nie net kopkennis nie, maar Hom persoonlik ken. Jy is iemand wat kies om Hom te dien, Jesus se voorbeeld te volg en om liefde deel van jou lewe te maak. En jy is iemand wat die goeie nuus deel met mense wat dit só só nodig het!

As dit nie jy is nie, dan wil ek jou regtig aanmoedig om met iemand te gesels. Dit kan met my of Louis of Deon wees, of enigiemand wat jy vertrou op 'n Geestelike vlak, en laat hulle jou help om by die Waarheid uit te kom, want dis baie eenvoudig: Niks wat jy op hierdie aarde kan leer, geen kennis of insig, is so belangrik soos die Evangelie en jou verhouding met God nie.

/

Mag God die Vader wat alle waarheid gemaak het, Jesus Christus wat ons perfekte leermeester en voorbeeld was, en die Heilige Gees wat jou elke dag leer, met jou wees en bly.
Amen

Addisionele Vrae:

- 1. As jy in jou eie woorde vir iemand moes verduidelik wat “die Evangelie” is, wat sou jy sê?**
- 2. Watter nuwe waarheid het jy oor God geleer in die laaste week?**
- 3. Wat kan jy nog meer doen om seker te maak die wêreld sien en hoor die Waarheid by jou? Bid vir mekaar hiervoor.**